







Laerskool Hartenbos
Graad 6 –Sosiale Wetenskappe : Aardrykskunde
Donderdag, 30 April 2020
Tyd:20 min Viva Sosiale Wetenskappe
Alle aktiwiteite moet op 'n folio gedoen word.

Bron: https://summariessa.co.za/product-category/afrikaans/graad_6_opsommings_in_afrikaans/graad6_sosiale_wetenskappe_geografie_geskiedenis_opsommings_tekoop/platinum-handboek

## Eenheid 1: Hoekom mense handel dryf.

Nuwe woorde:

| | | |
|---|---|---|
| **Handel dryf** | **Koop - verkoop, ruil** van **goedere.** |  |
| **Verruil** | **Gee** iets, **kry** iets. |  |
| **Ruil** | **Ruil** vir iets anders. |  |
| **Ruilhandel** | **Ruil** vir **gelyke waarde.** |  |
| **Goedere** | **Dinge** wat mens **koop/verkoop.** |  |
| **Waarde** | **Hoeveel** iets **werd** is. |  |
| **Uitvoere** | **Verkoop** aan **ander lande.** |  |
| **Invoere** | **Gekoop** van **ander lande.** |  |

| | | |
|---|---|---|
| **Natuurlike hulpbronne** | Uit die **natuur,** soos **olie.** |  |
| **Klimaat** | Soort **weer** in 'n **gebied** ervaar. |  |

### Handel as die ruil van goedere.

- **Handel** sluit in al die **maniere waarop** mense **geld maak** deur **hulpbronne te koop/verkoop/ruil/verruil.**
- **Natuurlike hulpbronne: Goud, hout.**
- **Goedere** wat mense **maak: juwele, meubels.**
- **Handel vind plaas** tussen **individue** en **tussen lande.**
- Mense **dryf handel** vir **goedere** wat hulle **benodig** wat hulle **nie self** kan **kweek/maak nie.**
- **Handel** is die **veruiling van goedere of werk.**
- Mense **dryf handel** by **markte**, in **winkels,** op die **internet** en op **straat.**
- **Ruilhandel – Verruil goedere sonder** om **geld** te gebruik.

### Handel as die koop of verkoop van goedere vir geld.

- Wanneer mense **goedere vir geld verkoop,** besluit hulle eers oor die **waarde** van die **item.**
- **Prys- te hoog:** mense **koop nie, te laag:** dalk **nie wil** hê nie.
- Vandag ruil mense **werk vir geld: Arbeid.**

### Uitvoere en invoere: tussen Suid-Afrika en die wêreld.

- **Suid-Afrika** het baie **bruikbare hulpbronne.**
- **Minerale (delfstof)** wat in **rotse voorkom** soos **goud, diamante, yster.**
- Die **klimaat** help boere om **verskillende vrugte te kweek.**
- **Suid-Afrika verkoop vrugte** aan **kouer lande** in die **Noordelike Halfrond.**

Oefening 1

1. Pas die korrekte beskruiwing langs die gepaste woord.

| | |
|---|---|
| verruil | Die uitruil van goedere. |
| waarde | Die goedere wat 'n land van 'n ander land koop. |
| handel | Die goedere wat 'n land aan 'n ander land verkoop. |
| invoere | Die goedere uit te ruil sonder om geld te gebruik. |
| uitvoere | Die hoeveelheid geld wat iets werd is. |

2. Noem vier van Suid-Afrika se belangrikste uitvoere.
3. Lys drie elektriese goedere wat Suid-Afrika invoer.
4. Van watter land af voer Suid-Afrika elektriese goedere in?
5. Noem drie lande waarmee Suid-Afrika handel dryf.
6. Met watter land dryf Suid-Afrika die meeste handel?

7. Plaas elkeen van die volgende produkte in die korrekte kolom:

| Steenkool, mielies, televisiestelle, ingemaakte vrugte, lemoene, juweliersware |
|---|

| Primêre produkte | Sekondêre produkte |
|---|---|

8. Pas die woorde in die eerste kolom by hulle betekenis in die tweede kolom.

| | |
|---|---|
| vaardighede | Dinge wat mense vir ander mense doen. |
| dienste | Goed wat in fabrieke gemaak is. |
| fabrieke | Dinge wat mense doen. |
| sekondêre produkte | Geboue waar goed gemaak word met gereedskap en masjienerie. |

9. Plaas die volgende sinne in die korrekte volgorde:
    - Die bone word gedroog.
    - Die sjokolade word toegedraai en verkoop.
    - Die bone word in fabrieke verwerk om sjokolade te maak.
    - Die kakaobone word van bome afgepluk.